L.3.5 Lys van Bewarenswaardige Staatsgeboue (9/4/12/12)

Daar word GOEDGEKEUR dat die volgende bewarenswaardige Staatsgeboue aan die Departement van Openbare Werke gestuur word met die versoek dat die RNG oor die sloping van of veranderings aan die be= trokke geboue geraadpleeg word:

Oos-Kaapse Streekver= teenwoor= diger

1. Polisiestasie, Voortrekkerplein 6, Aberdeen
2. Murraydeen Kommando, Hoopstraat 8, Aberdeen
3. Poskantoor en Magistraatskantoor, Kerkstraat, Adelaide
4. "Homestead", Burntkraal, Distrik Albany
5. Magistraatskantoor en Poskantoor, Grahamstraat, Barkly-Oos
6. Ou Magistraatskantoor, Stasiestraat, Oos-London
7. Die Kaffrarian Skutters Hoofkwartier, Fleetstraat, Oos-London
8. Goewermentskantore, Cambridgestraat, Oos-London
9. Magistraatskantoor, Markstraat, Fort Beaufort
10. Drilsaal, Hillstraat 22, Grahamstad
11. Magistraatskantoor, Hoogstraat 121, Grahamstad
12. Polisiestasie-kompleks, Klipplaat, Distrik Jansenville
13. Poskantoor en Ou Magistraatskantoor, Naudestraat, Rhodes

Daar word verder GOEDGEKEUR dat die De= partement terselfdertyd ingelig word dat die lys op hierdie stadium onvolledig is en so gou as prakties moontlik aangevul sal word.

M. **NOORD-KAAP**

M.1 AANBEVELINGS I.V.M. VERKLARING AS NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

M.1.1 Meule, Groot Kareebosfontein, Distrik Carnarvon (9/2/019/8)

Daar word BESLUIT om aan te beveel dat die perdemeul en gebou waarin dit gehuisves word, tesame met een meter omliggende grond, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar word.